JULIE 2006 Jg/Vol 14.2

BILLI

Nuusbrief van die Vrystaatse Afdeling van die BKSA / Newsletter of the Free State Section of the MCSA

EVEREST – A SEASON OF RECORDS AND TRAGEDIES

A busy -- and deadly -- climbing season on Mount Everest ended with record-setting ascents, including one by a Connecticut man, but was overshadowed by the death of a climber who faded as others passed by.

Gheorghe Dijmarescu, 45, of Hartford, Connecticut, scaled Everest for the eighth time, setting a record for the most climbs by a non-Sherpa climber, while his wife Lakpa, a Nepali Sherpa, reached the summit for the sixth time, a record for the most Everest climbs by a woman.

At least 10 climbers — seven on the mountain's northern, Chinese side and three on the southern Nepali side — perished during the three-month climbing season that traditionally ends May 31, when the annual monsoon brings dangerous weather to the peak.

Among the dead was British climber David Sharp, who was apparently left to die by more than 40 climbers who passed him on their way to the 29,035-foot summit. He was desperate for oxygen had collapsed along a well-travelled route. The report angered mountaineers and their tight community, and even prompted Edmund Hillary, who conquered Everest in 1953, to call it "horrifying" that climbers would leave a dying man.

Just days later, Australian climber Lincoln Hall was also left near the top by his guides thinking he was dead, only to be rescued hours later by an American expedition.

Both incidents were on the Chinese side of the mountain where authorities came under sharp criticism for their poor record-keeping, which some say allowed too many climbers to scale the peak and hindered efforts to rescue those who were stranded.

As the controversies stewed, several records were also set.

Among the hundreds of climbers, clogging the narrow summit was the oldest on record, Takao Arayama of Japan, aged 70 years, seven months and 13 days. He broke the previous record, set by another Japanese climber, by just three days.

Appa, a Nepalese Sherpa guide who only uses one name, made his 16th successful trip to the summit, breaking his own record for the most ascents. New Zealand mountaineer Mark Inglis became the first double amputee to scale the peak.

At least 194 people scaled the peak from the Nepalese side during the season, said Rajendra Pandey of Nepal's Mountaineering Department. An equal or larger number of people are believed to have scaled the peak from the Chinese side, although exact figures are not available.

TAFELBERG STAPROETES



1. People's Trail:Begin by Constantianek en stap op via Disa Gorge. Oornag by Woodhead Dam in 'n hut met 'n kombuis. 2de dag: Klim af via Platteklip Gorge. Totale afstand 14 km. Ongelukkig moet mens 'n lid van Tafelberg Nasionale Park (TMNP), SEEP (Schools Environmental Education Programme), Pride of Table Mountain en die Hiker's Network wees om op die roete te mag stap. Dit kos R30-00 per dag.

2. Table Mountain Trail vir die oues, luies en rykes. Draers, gidse en spyseniering word voorsien. Al wat jy dra, is 'n waterbottel en warm klere. Die toer van drie dae begin by die Nelson Mandela Gateway by die Waterfront en besoek verskeie historiese gedenkwaardighede in Kaapstad. Die eerste nag word in die Platteklip Washuise, gebou in 1880, deurgebring. Die volgende dag het die stappers 'n keuse om Tafelberg via Platteklip Gorge te klim of 'n kabelkarretjie te neem. Akkommodasie is in die Overseer's Cottage by De Villiers dam, Agtertafelberg.. Die aftog op die derde dag is met Nursery Ravine na Kirstenbosch

3. Die Hoerikwaggo "Tip to Top Trail" word in September 2006 vir ervare, fikse en taai stappers geopen en duur 6 dae. Dit dek die pieke en valleie vanaf Kaappunt vuurtoring tot by Tafelbergstraat in die stad. Akkommodasie in tente.

4. Top to Tip Trail, die vierde staproete, is nog nie gelanseer nie in afwagting op die ander drie roetes se sukses. Dit sal by Tafelberg begin en by Kaappunt eindig. Die beoogde opening is November 2007.

5. Die Tafelbergreeks het wel sowat 300 veilige paadjies maar dit is die eerste keer dat **amptelike** oornag-akkommodasie voorsien word. Mense van agtergeblewe gemeenskappe word as professionele gidse opgelei. Verdere werkskepping vind plaas deur die 245km opgradering van ou paadjies/die bou van nuwes vir die TMNP. Hutte moet ook op die nuwe roetes voorsien word. Uiteindelik sal 420 persone van werk voorsien word.

Bel Busi Mbali van die TMNP weeksdae tussen 09:00 en 15:00 of e-pos busisiwem@sanparks.org vir inligting.

BOEKBESPREKING:



Life and limb: a true story of tragedy and survival, deur Jamie Andrew.

In hierdie boek word vertel hoe Andrew en sy vriend vir ses dae en vyf nagte op Mont Blanc in 'n woeste stormwind vasgekeer was en sy redding. Sy vriend het nie die storm oorleef nie. As gevolg van die nagmerrie moes albei sy hande en voete weens vriesbrand geamputeer word.

Die skrywer soek hoegenaamd nie simpatie nie en sy gruverhaal word dikwels baie amusant vertel, wat dit aangename, positiewe en onderhoudende leesstof sonder sentimentaliteit maak. Hy dryf lekker die spot met homself wanneer hy ingaan op die praktiese implikasies van 'n lewe sonder hande en voete. Byvoorbeeld: "...how to…wipe your bum without hands are the kind of things that rarely find their way into medical textbooks", iets waaroor enige normale op-en-wakker leser sal gis.

Die boek is die wenner van die Banff Mountain Book Festival 2004 John Whyte Award for Mountain Literature. Skaf dit gerus aan as jy dit nie in die openbare biblioteek kry nie.

Glo dit of julle wil of nie, maar hy is al weer aan die berg/ys/rotsklim en ski. Hy het ook die Londen Marathon suksesvol afgelê. ***Molly Smit***

MANIERE OM WATER TE SUIWER

(Ontleen aan 'n artikel deur D. Georgeades in Peglerae, Des 2005, p. 4)

1. Filtreer dit (R200 tot R300): Filters is swaar, lomp, duur en tydrowend. Daar is dele wat kan breek en die filter kan verstop raak. Sommige filters is oneffektief teen virusse. Dié wat filtreer sowel as sekere virusse uitroei, doen dit deur middel van koolstof-/jodium-/ultravioletfilters of elektriese stroom. Voorbeelde: MSR Waterworks, Kadatyn en Steripen filters wat op Nalgene bottels pas.

2. Gooi pille by (R20): Jodium, chloor en bleikmiddel smaak sleg. Die tablette is klein en kompak. Dit elimineer nie enkelsellige organismes soos Gardia en Crypto nie maar werk goed vir bakterieë en virusse. Jy kan dit nie met baie warm water gebruik nie en moet gewoonlik een uur wag. Deur die bottel oop te los en in die son te sit, verdamp die meeste van die slegte reuk en smaak. Gooi koeldrankpoeier of suurlemoensap by om die slegte smaak te verbloem.

3. Heavy Metal (R30): Slegs een tot drie druppels swaar metale soos silwer, koper en sink per liter wis alles uit. Wag een minuut. Dit het feitlik geen smaak nie. Die botteltjies is so klein en lig soos oogdruppels en is genoeg vir so 600 liter water. Voorbeeld: *Blue Gold* of *MSR Sweet Water*.

4. Kookwater: Dit is die goedkoopste en vernietig, virusse, bakterieë en enkelselorganismes. Die sediment wat agterbly, is nie nadelig nie. Dié metode vreet egter brandstof om genoeg water vir een dag te kook. Hoe hoër bo seespieël hoe langer duur die kookproses.

Die verskillende metodes kan in kombinasie gebruik word. Dit is egter nie nodig om al vier saam te gebruik nie.

Die skrywer sluit af deur te sê: "Onthou maar net dat 'n normale persoon in 'n vreemde plek soms van skoon kraanwater kan siek word bloot omdat die "vriendelike" bakterieë daarin verskil van waaraan jy gewoond is. Mens kan daagliks 'n koppie kraanwater drink om jou maag stelselmatig aan nuwe bakterieë bloot te stel en jouself te kondisioneer om die kraanwater te drink". (Wê vir almal met hulle reuse plastiekbottels duur gekoopte water omdat "die kraanwater vuil is". Daarvoor is hierdie doedie te suinig – Molly)

WHY ARE YOU NOT A MCSA/VOYAGER MEMBER?

Cencom at its last meeting in April made an urgent request to Sections to encourage Voyager members to register with the MCSA/SAA. Any Voyager member, whose company for which he/she works does not get the benefit of flown revenue, can register with the MCSA/Voyager programme. NB: A **member does not in any way lose his/her benefits by doing**

so - Voyager miles still accrue to that member. The fare value is tracked to the MCSA's account and credited as "corporate flown revenue".

Travels Rands accrued to the Mountain Club in this manner are used to buy air-tickets for the section chairpersons flying to Cape Town for Sencom meetings. Anyone not yet registered against the Agreement needs to let Jenny Paterson (E-mail : **secretary@mcsa.org.za)** have your full names, surname and Voyager number.

If any MCSA member who is a Voyager member (and not yet registered with the Mountain Club) but has flown either domestically or internationally on SAA since 1April 2006, this can be tracked retrospectively: However, such a member must have the remainder of his/her air ticket plus boarding passes which need to be taken to the SAA office for manual input.

Come on, everyone, let's do it!

QUOTES FROM QUESTIONNAIRE

In 1986 the Transvaal Section sent questionnaires to their members. Here are a few quotes from the replies received. Judge for yourself if they are still applicable/valid:

- The patroller at Tonquani was wearing only a hat when he accosted me. Surely, a pair of shorts is minimum wear (for males that is).
- I would like to go walking but feel I'm a nuisance (hoor! hoor! – Molly).
- Have separate walk programmes, not for race horses and not for children, but for average adults (hoor! hoor!)
- Club dominated by rock climbers – I find it difficult to communicate with anybody in the club.
- Little chance of climbing with other people. You are really obliged to stick with people you arrive with.
- Meets liable to be attended by hordes of screaming children and mothers, I avoid.
- Let members build your own clubhouse and you'll get it ten years later!
- Cut the slide entertainment with unrecognisable figures plodding up that look like the others before. They only interest the participants.
- Have a "fun run" across the Magaliesberg with Bruce Fordyce as guest star (20 kg packs).
- I'm only interested in crag-climbing – an antisocial pre-occupation.
- At one time I was everywhere – now at my age I feel like a dropout (hoor! hoor!)
- My son attended a meet, which he enjoyed, and also a slide show. He felt himself completely ignored.
- Meet leaders hardly ever meet their responsibilities – double annual fees to those who chicken out!

(Transvaal Section Newsletter, p.3, July 1986)

SONSVERDUISTERING IN DIE SAHARA

Molly Smit

Sonsverduisterings vind gedurende nuwemaan plaas wanneer die maan tussen die son en die aarde beweeg. As die maan se skadu gedurende daardie tyd op die aarde val, sien ons hoe 'n deel van die son deur die maan verduister (geëklipseer) word. Gewoonlik mis die maanskadu die aarde geheel en al omdat die maan se baan om die aarde 5º oorhel na die aarde se baan om die son. Die maanskaduwee gaan dus bo of onder ons planeet verby gedurende nuwemaan en mis ons dus. Minstens twee keer per jaar is die son, maan en aarde egter reg geposisioneer sodat 'n deel

van die maan se skaduwee op die aarde val. Dan word 'n sonsverduistering vanaf die spesifieke streek op aarde waargeneem.

Die maan se skaduwee het in werklikheid twee fasette:

Penumbra (halfskaduwee). Dit is 'n dowwe skaduwee aan die buitekant van die son. Gedeeltelike verduisterings word so waargeneem. Dit is uiters gevaarlik vir die oë as gevolg van die baie helder songedeelte wat uitsteek. Spesiale filters of 'n projektor wat gemaak kan word van papier of karton met kopspeldgaatjies moet gebruik word vir veilige waarneming.

Umbra (kernskaduwee). Dit is 'n donker skaduwee aan die binnekant van die son. Dit veroorsaak totale verduisterings. Die pad van die maan se skaduwee oor die aarde se oppervlakte vorm 'n baan wat 16 000 kilometers lank en net 160 kilometers breed is (Path of Totality). Om 'n algehele sonsverduistering te sien, moet jy dus in die pad van die maan se skaduwee wees.

Moet asseblief nie van my verwag om hierdie goed eenvoudiger te verduidelik nie. Ek kan nie. Wat ek wel kan sê, is dat ek en Hilda, my kamermaat, ons na 'n koue nag in die Sahara, op 28 Maart 2006 'n klompie kilometer buite Salloum aan die Egiptiese kant van die grens met Libië bevind.

Ons het die vorige dag net voor middagete aangeland by 'n groot tentdorp met reuse eet- en ontspanningsareas wat letterlik kunswerke is. Dit is groot lappieswerksale wat stekie vir stekie met die hand saamgestel is, dakke en mure. Kan julle glo dat dit bewolk en reënerig was vir 'n taamlike deel van ons verblyf van twee weke in Egipte. Maar as die son skyn, veroorsaak dit 'n wonderlike sagte lig so deur die veelkleurige lappies. Ons kon hierdie sale besoek om te eet, drink, ontspan, toegang tot die toilette te kry, aandenkings te koop, na die Berbers se dansvertoning te kyk en te dans. Ons het in ruim vierkantige tweemanstente gebly. Elke tent was toegerus met lae houtbeddens, lakens, slaapsakke en kussings, alles splinternuut. Elke tent het 'n flitsie gekry vir dié van ons wat gedurende die nag die toilette moes besoek of na die nagtelike jolyt hulle tente moes opspoor.

Ek sal nie verder vertel van die interessante ding wat ons hier beleef het nie want dit is nie waarom die artikel gaan nie. Ek wil net sê saam met Hilda, vir wie ek op Johannesburg lughawe net voor ons vertrek die eerste keer ontmoet het, kan die lewe nie vervelig wees nie. Ons sal mekaar nooit ooit vergeet nie.

Die oggend van die verduistering staan ons om 07:30 in mistige weer op. Algaande klaar die mis egter op en in afwagting op die Groot Gebeurtenis loop ek en foto's neem van die mense wat solank hulle kameras en teleskope gereed kry. Die verskeidenheid blomme in die Sahara, kan jy dit glo, kry ook aandag. Die sonsverduistering begin stadig om 11:20. Ons sleep ons beddens uit die tent en lê vreeslik gemaklik op ons rûe en kyk. Ons begin later 'n ster sien. Ek spring kort-kort op om foto's van dieselfde groepie mense te neem om te wys hoe die lig geleidelik verander.

Die finale fase is eintlik verstommend kort as mens die lang aanloop, ver afstand en baie geld wat jy bestee het om tot hier te kom, in aanmerking neem. Maar boeta, dit tref jou soos 'n uitklophou. Teen 12:38 is daar is 'n vreemde onheilspellende rêrige donker skemering en almal is tjoepstil. Die sterre skyn helder. Dan skielik maak die korona sy verskyning. Hierop was ek hoegenaamd nie voorberei nie. Ek glo nie enigeen wat nog nooit voorheen 'n algehele verduistering gesien het, is voorberei nie. Eintlik kan ek dit nie regtig na waarde beskryf nie. Dit is 'n fantastiese ragfyn stralekrans om die swart maan. Die mense roep uit, gil en sommige huil.

Net voor die einde van die algehele verduistering, wat bietjie meer as 4 minute geduur het, is daar skielik 'n helder flits van 'n bonatuurlike wit lig soos 'n reuse diamante half aan die onderpunt van die maan. Dit is die son wat begin om uit te kruip en die "diamante" flits verblindende lig na die kante en ondertoe in lang tentakels wat in vlymskerp punte eindig.

Toe gaan die mense eers tekere.

Hierdie wonderlike reuse groot wit diamante was net vir ’n paar sekondes sigbaar toe begin die son al hoe meer sy verskyning maak. Dit word verbasend vinnig lig en die sterre verdwyn. Teen 13:15 is alles verby en al die sonkykers, nag- sowel as dagbesoekers vertrek in chaotiese omstandighede.

Korona

Egipte se president Moebarak het in ’n helikopter opgedaag, vergesel van lyfwagte en ’n generaal of iets vol medaljes. Die lyfwagte was nie toegerus met geskikte brille nie want hulle was nie toegelaat om na die verduistering te kyk nie: hulle moes die president oppas. Die lewe kan nogal onregverdig wees as mens nie jou werk reg kies nie..

DIE GENERAAL, die lyfwag en DIE PRESIDENT

’n Paar mans van ons groep het in die woestyn gaan loop die middag voor die geleentheid (braaf van hulle: daar is nog massas landmyne wat uit Wêreldoorlog II dateer in kolle waarvan niemand weet nie). Hulle het op ’n man afgekom wat buite sig weggekruip het met ’n fiets, toerusting vir die koue nag wat voorlê, ’n arsenaal kameras, lense en ’n teleskoop. Hy was onwettig en gratis in die gebied en het hulle mooi gesmeek om hom nie te verklap nie. Sy kykery was lekker goedkoop. Ek het ’n ou raakgeloop wie se negende algehele sonsverduistering dit was.

Oor twee jaar is daar ’n algehele verduistering in Mongolië. Wat van ’n toer deur die Afdeling Vrystaat soontoe? Ou Tannie sal beslis haar naam opgee as sy nog leef en mooi gesond is. Sy is ’n nuutverslaafde.

LEDENUUS

MAANDELIKSE STAPRUBRIEK IN VOLKSBLAD

Diegene van julle wat die Volksblad ontvang, sal waarskynlik nie die interessante artikels met die pragtige kleurfoto's kon miskyk wat oor die afgelope twee maande in die laaste Saterdag-uitgawe van die maand verskyn het nie. Derek Odendaal is nou 'n gasskrywer vir Volksblad in hul spesiale maandelikse bylae oor stap en bergklim. Sy eerste bydrae het gehandel oor die instandhouding van voetpaadjies in die Drakensberge en die tweede oor die voorbereiding vir en die kompensasie van winterstappe. Hou gerus die koerant dop vir meer lekkerlees-artikels uit sy pen (uh, rekenaar).

LEDE VERHUIS

Louis (ons vorige voorsitter) en Pat Fourie het gaan aftree by Munster aan die Natalse suidkus. Net agter hul meenthuis is 'n diep bos waar Pat 'n skugter bloubokkie mielies voer. Hulle het reeds die kuspaadjies langs die besondere strande in die omgewing verken en as 'n mens vir hulle gaan kuier, word jy elke dag vergas op 'n smorgasbord van interessante kort stappe wat wissel van 4-8 km.

Trudie, wat die afgelope drie jaar sekretaresse van ons Afdeling was, het vir haar 'n huisie by Bethulie aangeskaf waar sy en 'n ander ondernemende dorpsinwoner Suid-Afrika se eerste boekedorp tot stand wil bring. Sy klim elke dag die koppie uit agter die dorp om net oor die omgewing te tuur en te besef hoe lekker dit is om weg te wees van die doller-as-kopaf-jare by die Sentrale Universiteit vir Tegnologie waar sy tot haar aftrede gewerk het.

Geniet die nuwe begin. Tot weersiens op uitstappies!

DIE SEKRETARESSE IS UITSTEDIG

Phia van der Watt is betrokke by 'n werksprojek in Port Elizabeth en Jeanita Brink het ingestem om in die bres te tree en die Afdeling se sekretariële pligte te behartig totdat Phia weer haar pligte kan hervat. Dankie Jeanita, jy's 'n staatmaker!

NUWE E-POSADRESSE

Te veel e-posse bom nog uit as gevolg van lede wat nie die bestuur in kennis stel van veranderde e-posadresse nie. Hou ons asseblief op hoogte van enige verandering ten opsigte van e-posadresse of as julle jul tot die nuwe tegnologie van vonkpos gewend het.

BROKKIES

KILIMANDJARO REKORD

Op 22 Februarie 200 het Simon Mtuy 'n nuwe rekord opgestel deur Kilimandjaro sonder hulp binne 9 ure 21 minute en 24 sekondes op en af te klim. Hy het heel bo vir drie minute gestop om 'n video van homself te neem.

KILIMANDJARO OMGEWING

91 300 hektaar bome gaan per jaar op Kilimandjaro verlore as gevolg van klakkelose vernietiging. Wetenskaplikes voorspel dat die berg se gletsers teen 2020 tot niet sal wees as gevolg van omgewingspraktyke en aardverwarming. Sewentig persent van Kilimandjaro se indrukwekkende sneeukruin het reeds weggesmelt sedert 1912, die meeste daarvan in die afgelope drie dekades. Boere en ander persone wat bome op Kilimandjaro afkap, is glo beveel om die berg met rus te laat.

BELLS FROM EVEREST

Bells from Everest is die naam van 'n onderneming wat klokke, bakke en ander kunsvoorwerpe vervaardig van

suurstofsilinders wat deur klimmers op Everest agtergelaat word. Die voorwerpe wat in kunsgalerye in Noord-Amerika verkoop word, genereer onder andere inkomste vir die Sherpas.

FUTURE EVENTS
23-24 September 2006: Boven Rock Rally. Gustav van Rensburg: climb@rocrope.com
30 September 2006: Four Peaks Challenge. Derek Odendaal: derekrits@mweb.co.za
25-26 November: Skyrun. Derek Odendaal: derekrits@mweb.co.za.

NUWE NASIONALE PARK
Daar word beoog om uiteindelik 'n megabewaringsgebied te skep deur die Karoo Nasionale Park by Beaufort-Wes en die Bergsebra Nasionale Park by Cradock te verbind. Dit sal die 14 500 hektaar Karoo Natuurreservaat en Vallei van Verlatenheid naby Graaff-Reinet insluit.

JOERNALE VIR AFDELING SUID-KAAP
Bogenoemde nuwe afdeling wil graag 'n volledige stel **Joernale** versamel. Hulle sal besonderhede verskaf van die nommers wat hulle verlang, indien julle dalk met eksemplare opgeskeep sit. Hulle het ook eksemplare vir uitruildoeleindes. Kontak:
Dave Barnes, Posbus 429, Sedgefield, 6573. Tel 044-343 1478.

STAPKAARTE
Kaarte van die meeste van Suid-Afrika se staproetes kan gekoop word van:
http://www.themaps.co.za/index.asp
http://www.themaps.co.za/drakensberg.asp

SANIPAS WORD GETEER
Sanipas tussen Suid-Afrika en Lesotho —een van die heel hoogstes in suidelike Afrika en voorheen slegs toeganklik vir die ouens met viertrekvoertuie — sal teen 2009 geteer wees. Dit sal ouens met gewone voertuie in staat stel om Lesotho by die Ficksburg grenspos binne te gaan, die Katsedam te besoek, die pragtige Leribe-hoogland te verken en met Sanipas in die Noordooste af te kom.

Die projek om die toegangspad en die sig-saggruispaadjie teen die bergwand uit te teer begin reeds vanjaar teen 'n geraamde koste van R160 milj. Geld vir fase een vanaf Himeville tot by die Goeie Hoop handelstasie sal deur die nasionale en provinsiale Departemente van Vervoer en Paaie voorsien word. Fase twee sal vanaf die Goeie Hoop handelstasie verby Sanipas Hotel tot by die grenspos strek (11 km), terwyl die laaste fase die laaste 8 km kronkelpad van die grenspos tot by die kruin sal insluit (Natal Witness, News24.com)

GESAMENTLIKE WESKAAPSE BYEENKOMS
Die Afdeling Worcester is die gasheer vir die 2006 gesamentlike kamp van Wes-Kaapse afdelings by Thomas Hut. Datum: 3-5 November 2006. Die Afdeling Worcester wil graag minstens 75 deelnemers by die hut hê aangesien die hut vanjaar 75 jaar oud is. Op Vrydagaand 3 November skop die verrigtinge af met 'n informele aandete by die Lapa in Fairy Glen Kloof. Mens kan in die kloof of by lede se huise oornag. Op Saterdag kan die kloof bereik word via verskeie roetes. Indien die tyd dit toelaat, kan Brandwag Piek, Fonteintjiesberg of Die Spieël besoek word. 'n Vingerete word daardie aand aangebied. Sondag word die terugtog aangepak. Alle lede is welkom. Kontak Tonie Roux vir meer besonderhede: troux@pgwc.gov.za